# Liturgiese Riglyne

**<u>SONDAGOGGEND 9:00</u>**

## Die groot verlange!

**<u>Skriflesing</u>:** 1 Kor 15

**<u>Teksvers</u>**: 1 Kor 15:17

**<u>Sing</u>**:
Ps 84-1:1.3,6
Ps 43-1:3
Ps 84-1:2,5,6
Ps 150-1:1,2,3
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Vandag saai ons weer regstreeks volwaardige eredienste uit vanuit ons eie kerkgebou. Ongelukkig weens die buitengewone omstandighede wat wêreldwyd heers kan ons nie almal kerk toe kom nie. Ons sal nog 'n tydjie hiermee moet saamleef totdat die C19-bedreiging oor is.

Dit lyk of die digter van Ps 84 ook weens buitengewone druk of omstandighede verhinder is om sy pelgrimsreis na die tempel in Sion (Jerusalem) te onderneem. Dit veroorsaak egter 'n bepaalde verlange en ernstige gemoedstoestand, wat hy hier eerlik voor die Here uitspreek

*Voorbereidingsvrae:*

1. *Op wie of wat is die digter so 'jaloers'? Waarom?*
2. *Watter Name van God kan jy hier onderskei en tel, en wat kan dit beteken?*
3. *Wat beteken vers 11?*

**<u>SONDAGAAND 18:00</u>**

## God skenk verlossing aan hulle wat in benoudheid Hom in geloof aanroep

**<u>Skriflesing</u>:** Psalm 20

**<u>Teksvers</u>:** Psalm 20

**<u>Sing</u>**:
Ps 20: 1, 2, 4
Ps 89 :1, 6
Sb 10-2 :1. 4
Ps 138: 4
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**: Ds Christo Swanepoel

Hoofpunte:

1. Benoudheid dryf jou na God toe.
2. Bind mekaar saam.
3. Versterk die geloof.

*"Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood,
mag die Naam van God van Jakob u beskerm.
Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom,
u bystaan uit Sion."*

*Psalm 20: 2-3*




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 45 Nr 22 14 Junie 2020**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## ONS DIAKONIE HANTEER DIE C-19 UITDAGINGS!

Liewe broers en susters

Die diakonie se dagbestuur het verlede week saam met ons drie leraars vergader en wil graag hiermee terugvoer gee aan die gemeente . Die Covid-19 pandemie het ons diakonale bediening in die eerste paar fases baie beperk en ons sien uit daarna om DV meer aktief te word met die koinonia bediening en versorging van ons gemeente soos wat die regulasies verslap word.

Uit die aard van die saak het meeste interne diensgroepe soos Funksies, Nagmaal, Gasvryheid, Jeug, Klein groepe en Seniors nie veel traksie gehad in die Covid-19 periode nie. Ons kan wel terugvoering gee dat ons 'n kampterrein in die oog het en hoop dat ons almal lekker saam sal kan kuier DV September volgende jaar.

Ons het baie interaksie gehad met ons eksterne diensgroepe en wil graag vir julle die volgende terugvoer gee:

**Bediening van hawelose mense**
Met die hulp van die Susters en die dissipelskapgroep kon ons uitreik na hawelose mense wat skuiling gebied is by Lyttelton biblioteek en die Irene stasie. Gedurende fase vyf en vier van die grendeltyd het ons daagliks kos verskaf en die Woord bedien. Ons is nog steeds aktief besig met hulpverlening by Irene stasie in fase drie. Ons het baie skenkings van arbeid, kos en geld ontvang en bedank die gemeente vir dit. Die kos word uitgedeel saam met die bediening van die Brood van die lewe.
Die dissipelskap groep gaan ook DV voort om by die Jean Crossing bediening, Mushroom farm bediening en Irene stasie bediening kos te verskaf wanneer hulle diens daar doen. Ons bedank die dissipelskap-groep en Susters wat hierby betrokke is. U kan gerus vir Hennie (082 927 4326) of Hein (083 357 6141) skakel indien u betrokke wil raak.

**Steynsburg projek**
Ons wil graag as diakonie die gemeente vra om ons te ondersteun met skenkings vir die Steynsburg-projek. Ons begin wel later in die jaar as gewoonlik, maar is seker dit steeds baie waardeer sal word deur die kinders in Steynsburg. Daar sal in die WhatsApp-groepe en Kommunikaatjie meer inligting versprei word.

**Eljada Huis, El Shalem Huis, President Kruger Kindershuis**
Die Diakonie het in die grendeltyd hulle bydraes verhoog en ad-hoc betalings gemaak om die huise te ondersteun. Ons bly in kontak met hierdie instansies en help steeds met skenkings waar nodig.
*Indien u enige bydrae wil maak vir Eljada Huis (blikkies kos, langlewe melk, koffie, tee, suiker toiletware ensovoorts is u welkom om met Petra Swanepoel (0829277324) te skakel en sy sal reël om dit by u op te laai.*

*Vervolg op bl 5...*

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/
en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan 'n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



*... vervolg van bl 1*

**Ondersteuning aan ander gemeentes**

Die Diakonie ondersteun tans drie gemeentes in Klassis Pretoria- Suidwes, naamlik Ramotse en Elandspoort, asook GK Rooiwal se diakonie.

**Die Skep-Hoop-Fonds**

Ons is dankbaar teenoor die Here vir die suksesvolle afskop van hierdie spesiale fonds. Ons gemeente het tot op datum oor die R 125,000 geskenk en die diakonie het reeds meer as R 60,000 hiervan gebruik om gesinne in nood te help. Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word :

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion; Bank: ABSA Lyttelton; Takkode: 632005; Rek no: 600 280 589; Verwysing: Skep Hoop

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie. U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skephoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel):

Marius Gerber: 082 327 2949; Rudy Kruger: 082 468 6035; Petra Swanepoel: 0829277324;
Theuns Louw: 082 815 4272; Drikus van der Walt: 060 569 2608

**Barmhartigheid**

Die diakonie wil ook graag die hele gemeente bedank vir hulle barmhartigheid bydraes. Die bydraes het in die grendel tyd met 20% verhoog. Ons sien tans om na 8 gesinne of enkel mense en voorsien in hulle maandelikse behoeftes. Verder hanteer ons ook ad-hoc gevalle wat nie Covid-19 pandemie verwant is nie.

Ons sluit af deur ons dank aan God te betuig vir Sy onbaatsugtige liefde en genade.

Soli Deo Gloria!

## Vrydag-Grendel-Winkel

**11 – 19 Junie**

Kerriehonder (Hoender gaar/gevries) R40
Malvapoeding R45

**Slaai** (410 ml)
Keuse: van
Beet/Koperpenniewortel/Slaphaakskeentjies R40

**Koekies** (500g)
Keuse van:
Choc Chip/Soetkoekies/Vla R50

**Droë Vrugte:** (500g behalwe waar anders aangedui)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | R45 | Geskilde perskes | R60 |
| Gemaalde perskes | R45 | Nektariens | R50 |
| Pruimedante | R45 | Gemengde Vrugte | R50 |
| Vrugte lekkers | R40 | Appelringe (250g) | R35 |
| Pere | R45 | Vrugtevlokkies (250g) | R40 |
| Perskerolletjies (100g) | R15 | Pererolletjies (suikervry 100g) | R15 |
| Appelkose | R45 | | |

**Bestellings sluit 17 Junie 12:00.**
**Plaas bestellings by Liana 071 6000 368**
**Bestellings kan 19 Junie tussen 16:00 en 17:00 by kerk opgetel word**

# VERJAARSDAE

**"...U sorg vir my." Ps 16:5**

**BELYDENDE LIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14-Jun | Dries | Cronje | C01 | 27726180950 |
| | Jade | Cronje | A16 | 27765559632 |
| | Wander | Faber | C07 | 27845481860 |
| | Ronell | Hoogenboezem | A03 | 27832923534 |
| | Talita | Jacobs | C14 | 27823258834 |
| | Amanda | Venter | B08 | 27836512784 |
| 15-Jun | Emil | Fourie | B11 | 27824948704 |
| | Letitia | Lubbe | A09 | 27845146317 |
| | Marijke | Rebel | A01 | 27848643533 |
| | Attie | van der Walt | E01 | 27824935328 |
| 16-Jun | Carina | Janzen | A07 | 27714915909 |
| | Hermi | Pelser | A05 | 27824071813 |
| | Tom | Saaijman | E01 | 27783571866 |
| 17-Jun | Jan-Louis | Bezuidenhout | B03 | 27836338861 |
| | Carina | vd Dussen | B10 | 27823742780 |
| 18-Jun | Rita | Dijkstra | B07 | 27839682299 |
| | Nicoline | Jonker | B04 | 27832842974 |
| | Henk | Koch | C08 | 27823399588 |
| | Doreen | Reynecke | C12 | 27835014368 |
| | Pieter | Rottier | A07 | 27836672295 |
| 19-Jun | Petra | Heath | A06 | 27824073315 |
| 20-Jun | Isak | Heath | A06 | 27824073315 |
| | Dalena | Kruger | B01 | 27824108358 |
| | Hans | vd Merwe | C10 | 27824606498 |

**DOOPLIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16-Jun | Ughu | Grünenfelder | C15 | 27790877564 |
| 18-Jun | Helanké | Bloemhof | A07 | 27763826939 |
| | Suné | Coetzer | B09 | 27725899448 |
| 19-Jun | Illo | vd Walt | C15 | 27723052323 |

Metode om tot die ***2 Miljoen Bybelsprojek*** by te dra:
Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing: ***Bybelgenootskap***

## Versoek van die Diakonie

Die Diakonie het besluit om in die lig van die Covid 19 pandemie en die inkomste verliese binne ons gemeente 'n inisiatief te begin waar ons mekaar kan ondersteun. U word versoek om asseblief vir ons die volgende inligting deur te stuur:

1. As u, u werk verloor het en werk soek moet u asseblief 'n epos stuur aan diakonieskriba@gkcenturion.co.za en aandui wat se tipe werk wat u soek. Inligting sal streng vertroulik hanteer word.
2. Indien u enige vakante poste het as 'n werkgewer.
3. Indien u, u eie besigheid het, stel ons asseblief in kennis wat u doen en die kontaknommer van u besigheid, of as u enigiets verkoop. Ons versoek dat mense mekaar binne kerkverband ook hierin ondersteun bv. as u 'n loodgieter is XXX loodgieters – kontak no. XX en kontak persoon XX.

Inligting moet die diakonie op 'n Woensdag om 10:00 bereik vir verwerking en plasing in die week se nuusbrief. Stuur besonderhede na diakonieskriba@gkcenturion.co.za.

---

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en gebouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Het u 'n meubelstuk wat vra vir herstelwerk?** Het u kaste waarvan die skarniere, laaispore, slotte ens nie meer werk nie? Kontak my asb vir 'n gratis kwotasie. Jan Reesink 079 455 4580.



# *Ons gee om vir Mekaar*

"...die Here sal my onder sy sorg neem." Ps 27:10

- Ella White sterk tuis aan na 'n val (A7—083 408 2336).
- Johan Pretorius sterk aan na 'n skoueroperasie (A6—082 444 3740).
- Rassie Erasmus sterk tuis aan na 'n liesbreukoperasie (C4—082 574 9804).
- Thinus Nel sterk tuis aan met gordelroos (C1—664 1067).
- Meelewing word betuig met Willy Bakker, familie en vriende na die afsterwe en begrafnis van Luit gedurende die week.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

♥ André en Chané met die geboorte van Marnus Beumer.

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

<u>Vandag:</u> Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

<u>Volgende week:</u> Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie